

Geldsake voor jy in die huwelik tree

Jy het al die ring gekies, datum vas gestel en jou gaste uitgenooi. Maar het jy aan alles gedink? Ongeag jou ouderdom of die tipe troue wat jy op besluit het, is daar belangrike geldsake wat jy in ag moet neem voor jy in die huwelik tree.

Eerste huwelike

Kies die regte huwelikskontrak

Die lewe is gewoonlik maanskyn en rose vir diegene wie kies om na die kansel te stap met die liefde van hulle lewe. In die algemeen, trou meeste Suid-Afrikaners eers in hulle vroeë tot middel dertigs, en dis heel moontlik dat hulle al bates, soos eiendom en voertuie het, asook al skuld aangegaan het wanneer hulle na die kansel stap. *“Dit is baie belangrik dat jy die regte huwelikskontrak kies voor jy sê, 'Ja', om toekomstige finansiële komplikasies wat jou huwelik kan affekteer, te vermy.”* sê CEO van Capital Legacy, Alex Simeonides. *“En, moenie vergeet om jou Testament op datum te bring om hierdie lewensveranderende mylpaal in ag te neem.”*

Wees versigtig: As jy binne gemeenskap van goedere getroud is, kan jy net 50% van julle gesamentlike Boedel aan iemand van jou keuse laat wanneer jy sterf. Jou gade kan kies wat gebeur met die ander helfte van julle Boedel – hulle deel.

Dink daaraan om 'n huweliksvoorwaardekontrak te teken, want dan behou albei eggenote hulle eie bates.

Tweede Keer Gelukkig

Neem die unieke behoeftes van vermengde gesinne in ag.

Tweede huwelike word al hoe meer algemeen, maar 'n eenvoudige wysiging aan jou Testament laat verdwyn nie die finansiële verpligtinge van jou vorige huwelik nie.

“Vermengde gesinne kan 'n hele klomp finansiële kompleksiteite veroorsaak”, sê Simeonides.

“Effektiewe Boedelsbeplanning en wysigings aan jou Testament beteken dat jy kan verseker dat enige minderjarige kinders van 'n vorige huwelik ondersteun word, asook versorg dat jou huidige eggenoot en familie versorg en ondersteun word.”

Wees versigtig: Maak gebruik van 'n finansiële

tussenganger om te verseker dat jy deur effektiewe Boedelsbeplanning 'n erfenis agterlaat vir jou familie.

Tradisionele Huwelike Beskerm jou regte

Baie Suid-Afrikaners verkies om hulle kultuur te vereer deur tradisioneel te trou. Dit beteken nie dat jy finansiël hoef uit te verloor nie. Wanneer albei die makoti en mkhwenyana se families die lobola onderhandelinge afgehandel het is jy amptelik getroud. Baie Suid-Afrikaners is nie bewus dat 'n geregistreerde tradisionele huwelik outomaties beskou word as getroud *“binne gemeenskap van goedere”* en elke eggenoot is geregtig tot helfte van die gesamentlike boedel – albei se bates en skuld.

Wees versigtig

As jy in 'n huweliksvoorwaardekontrak wil tree, sal jy dit moet oorweeg om die kontrak gedurende die finaliserings seremonie te onderteken, om jou boedel te beskerm en 'n eis teen jou boedel te verhoed sou een van julle afsterf.

Feit: 'n Huweliksvoorwaarde kontrak moet deur 'n Notaris, voor die troue, opgestel word en moet binne drie maande geregistreer word in die Registrasie van Akte.